



Verwysing: 20210915-5905
Lêernommer: 13/1/1
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuurminuut: 0017/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Administrasie van die skryf van die aanvullende Algemene Asseseringstaak vir graad 12 Lewensoriëntering in 2021

1. Die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) is op 06 September 2021 geskryf, soos uiteengesit in Assesseringsbestuurminuut 0011/2021 van 05 Augustus 2021.
2. Leerders wat weens 'n geldige rede nie die AAT vir LO op 06 September 2021 geskryf het nie, sal toegelaat word om die aanvullende AAT vir LO wat vir **13 Oktober 2021** vanaf 09:00 tot 11:30 geskeduleer is, te skryf.
3. "Geldige redes" in hierdie konteks, sluit die volgende in:
 - (a) **siekte**, gestaaf deur 'n geldige mediese sertifikaat wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is;
 - (b) **humanitêre redes**, wat die afsterwe van 'n naaste familielid insluit, en deur 'n afskrif van die doodsertifikaat ondersteun word;
 - (c) **verskyning** van die leerder in 'n **hofverhoor**, wat deur skriftelike bewys gestaaf moet word;
 - (d) **enige ander rede** wat die hoof van die assesseringsliggaam of sy of haar verteenwoordiger as **geldig mag aanvaar**.
4. Die skriftelike bewysstukke wat met enige van die bogenoemde geldige redes verband hou, moet op lêer by die skool gehou word en, op versoek, aan Hoofkantoor of die distrik beskikbaar gestel word.

5. **Administrasie van die aanvullende AAT vir LO**

- 5.1 Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlins vir die afneem van hierdie assessering te tref, en toe te sien dat hul skool al die voorwaardes en reëls ten opsigte van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen nakom.
- 5.2 Vraestelle vir die aanvullende AAT vir LO sal slegs aan skole wat afwesige leerders op 06 September 2021 aangedui het, verskaf word. Aanvullende vraestelle sal op of voor 13 Oktober 2021 aan skole gegee word.
- 5.3 Leerders wat nie die AAT vir LO of die aanvullende AAT vir LO in 2021 skryf nie, sal 'n onvoltooide uitslag vir LO kry. Sodanige leerders sal die vak moet herhaal, ingeslote die skoolgebaseerde assessering (SBA) en die AAT vir LO. Dit is dus belangrik dat skole leerders wat op 06 September 2021 afwesig was, betyds inlig om die aanvullende AAT vir LO te skryf.

6. **Nasien van die AAT vir LO**

- 6.1 Distrikskantore sal nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO aan skole verskaf. Die distrikskantore sal ook toesien dat die nasien van die aanvullende vraestel intern by skole en ekstern deur die betrokke distrikskantoor gemodereer word.
- 6.2 Die nasien van die aanvullende AAT vir LO moet by die skool, onder toesig van die prinsipaal uitgevoer word, met 'n senior onderwyser of departementshoof wat as die interne moderator optree.
- 6.3 Die nasienproses sal begin sodra die nasienriglyne ontvang is. Daar sal geen besprekings oor nasienriglyne wees nie. Daar kan met vakadviseurs vir LO in verbinding getree word vir enige navrae oor die nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO.
- 6.4 Waar daar meer as een onderwyser is wat LO by 'n skool onderrig, moet prinsipale seker maak dat onderwysers nie die antwoordstelle van hul eie leerders nasien nie.
- 6.5 Skole sal graad 12 se elektroniese vakrekordblaaie vir LO wat op SOBIS beskikbaar is om afgelaai te word, invul.
7. Enige navrae oor die aflê van die aanvullende AAT vir LO moet per telefoon aan Mnr. Christiaan Klopper by 021 467 2407 gerig word of per e-pos by Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za.

8. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle LO-onderwysers en -leerders vir graad 12.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-09-27